

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

"MAAK HEILBRON BETER"



Die tyd het aangebreek vir gemeenskappe om hande te vat en politiek opsy te skuif, en die kiem wat gemeenskappe verdeeld hou, dadelik te smoor was die duidelike boodskap wattenwoordigers van 'n gemeenskapsvergadering aan die Burgemeester van Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, Me Victoria de Beer verduidelik het.

AfriForum-tak in Heilbron berig dat die gemeenskapsvergadering verlede week saam met die leiers van Phiritona, aan die Burgemeester De Beer verduidelik het wat die behoeftes en probleme in Heilbron behels. Dit blyk dat dieselfde probleme oral

in die groter Heilbron voorkom. Benewens die memorandum wat die gemeenskap van Phiritona aan die Burgemeester oorhandig het, het die volgende gemeenskaplike probleme na vore gekom in al die woongebiede: Die haglike toestand van die strate; die vuilheid en onnetheid; die onbevoegdheid en laksheid van die munisipale amptenare; die onwettige vullisterrein wat in 'n haglike toestand is; onbevoegde mense wat in posisies in die munisipaliteit aangestel word as gevolg van politieke assosiasies; die watertoevoer wat na alle buurte op gereelde basis swak is en swak dienslewering in die algemeen. AfriForum Heilbron, begin reeds 4 April

2022, saam met die gemeenskap van Phiritona en Sandersville asook Korrektiewe Dienste Heilbron om die hoofingang na Heilbron reg te ruk deur gras te sny, die pad te vee en rommel te verwyder. Gerrie Muller, voorsitter van AfriForum Heilbron-tak, doen 'n beroep op inwoners om in te koop in die "Maak Heilbron Beter" projek.

Hierdie is nie die enigste projek wat deur AfriForum Heilbron aangepak gaan word nie maar, onder meer is die herstel van Piercestraat asook herstel van straatligte tydens die eerste vergadering bespreek. Die nodige inligting is deurgegee aan die burgemeester.

Ons vra reeds dat inwoners foutiewe straatligte sal merk deur 'n plastieksak om die paal te bind. Verseker net dat plastieksakke van so 'n aard gebind is dat dit nie loskom en so rommelstrooi bevorder nie.

Volgens Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, was dit baie bemoedigend dat die burgemeester bereid was om na die inwoners te luister. Sy het met 'n simpatieke oor geluister. "Alle inwoners van Heilbron is nou keelvol vir swak dienslewering en wil graag net dienste kry waarvoor die munisipaliteit betaal word," sluit Pretorius af.

Dit wil DANKIE se!

Duplet se goeie

Elk van 125,00 seker dan 50% kort, 30% korter, 20% korter, 10% korter en 5% korter. Die 125,00 seker dan 50% korter is 62,50. Die 30% korter is 43,75. Die 20% korter is 37,50. Die 10% korter is 33,75. Die 5% korter is 31,25.

Wenke: 6 April 2022
Wenke: 6 April 2022
Wenke: 6 April 2022

Wenke: 6 April 2022
Wenke: 6 April 2022
Wenke: 6 April 2022

Pharmacy & Clinic

PLATTELAND

SYMPTOMS OF INTESTINAL WORMS

Weightloss, tiredness, weakness, dehydration or hunger due to worms

Wormstop 500

1 kills intestinal worms

Wormstop 100

1 kills intestinal worms

063 721 4950 (T) 087 527 0724

Plattemand se spoorboekie

17 Westwag Street, Westwag Square, Hotbox

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Donderdae - Royal Auction Centre

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL: Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451

BKB

The Trusted Name of Agriculture

Die Betroubare Taaike van Landbou

www.bkb.co.za

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R75

heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



VEEDIEFSTAL - POLISIE DEEL VAN DIE KOPSEER

Heilbron boere versoek beter polisiëring infrastruktuur om veediefstal aan te spreek. Boere in die Heilbron en omliggende gebiede meen hulle is totaal uitgelewer aan veediefstal.

Dié inligting het aan die lig gekom tydens 'n vergadering op 24 Maart 2022 in Heilbron waar Vrystaat Landbou (VL) en die Rooivleis Produsente Organisasie (RPO) met boere in die Heilbron en omliggende gebiede vergader het.

Volgens Isabel Kruger, voorsitter van die RPO se Veediefstal Voorkomingsforum in die Vrystaat, is die polisie op alle vlakke al vir maande versoek om misdaad-voorkomingsaksies in die gebied van stapel te stuur, wat volgens die boere van die area in 'n mindere mate realiseer. Dit blyk dat 'n gebrek aan veral voertuie by die veediefstal-eenheid in Heilbron 'n groot bron van kommer is én bly en dat dit die ondersoek van sake nadelig beïnvloed. “Verskeie klagtes hieroor op die hoogste vlak, toon geen daadwerklike vordering in die verband nie.” sê Kruger.

Tommie Esterhuysen, 'n boer van Heilbron wat self onlangs 'n slagoffer van veediefstal was, sê dat sekere boere glad nie meer veediefstalsake by die polisie aanmeld nie. Esterhuysen meen daar is 'n totale gebrek aan vertroue in die polisie se vermoëns. “Boere is op die vlak waar hul optrede in die bekampings van veediefstal kan aanleiding gee tot groot verleentheid van die polisie.”

Andre Kleynhans, 'n boer in die Moedersdeel-area van Heilbron wat ook self onder veediefstal deurgeloopt het, sê dat die polisie baie traag is met hul optrede, reaksie en ondersoek om veediefstal aan te spreek asook dat sekere polisiebeamptes die pad voorberei vir kriminele om in die area te opereer.

John Keogh, voorsitter van die Heilbron Plaaswag, meld dat die polisie in baie gevalle nie eens op misdaadtonele opdaag nie en dat dit geensins help om die gebrek aan polisiëring verder na die distrik of provinsie te eskaleer nie.

Gedurende Maart 2022 is daar alleen 523 sake gesteel waarvan 140 teruggevind is. Daar is egter 383 sake steeds soek.

Op Saterdag 26 Maart 2022 het die Veediefstal-eenhede van Heilbron en Vrede 'n suksesvolle arrestasie gemaak. Die stootvee van Mnr. John Hartley is teruggevind en is daar ook beslaggelê op 'n



voertuig. (Sien foto).

In 2 afsonderlike gevalle was daar 90 sake teruggevind. Dié 90 was toegerus met skaapalarms en kon boere betyds optree. Dit benadruk net weer die waarde van skaapalarms vir vee wat andersins gesteel sou gewees het.

John Keogh versoek dat boere veediefstal en pogings tot diefstal rapporteer aangesien dit bleik uit SAPD statistieke dat Heilbron nie 'n probleem ondervind met onder-aanmelding nie. Indien enige probleme ondervind word met aanmelding van sake, kan John by 082 774 8832 of die Heilbron Beheerkamer by 05885-21552 & 071 508 0202 direk gekontak word.

Die grootste misdaadgebied is tans die gedeelte tussen Moedersdeel, Deneysville, Sasolburg en Heilbron.

Volgens Isabel Kruger is daar 'n toename in groot getalle vee wat op een slag vanaf plase gesteel word. “Die insidente en getalle is by die Heilbron Beheerkamer aangemeld en in 90% van die gevalle is dit boere wat die vee terugkry. Dit wil ook voorkom asof sekere veediewe onlangs op parool vrygelaat is, wat moontlik weer in die area betrokke kan wees.”

VL, die RPO en boerderygemeenskap van Heilbron versoek die polisie om hul infrastruktuur daadwerklik aan te pas en uit te brei, 'n taakspan saam te stel om veediefstal te bekamp en te ondersoek en saam met die boerderygemeenskap te werk ten einde veediefstal effektief aan te spreek.



LEWENS RED IN HEILBRON

Volgende Bloedskenkdatum, 24 Mei 2022

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens wil graag die gemeenskap van Heilbron hartlik bedank vir die ondersteuning met die “Breek die Rekord” veltdog. SANBS het 78 eenhede bloed ingesamel wat honderde lewens kan red.

Die behoefte aan bloed neem ongelukkig nie af nie, en pasiënte benodig steeds ongeveer 4 500 eenhede bloed per dag. Vir elke dag wat hierdie doelwit nie bereik word nie, word die beskikbare voorraad uitgeput.

Hoekom moet mense bloed skenk?

Die behoefte aan bloed raak ons elkeen. Agt uit tien mense sal bloed of bloedprodukte op 'n stadium in hul lewe benodig. Baie van vandag se mediese sorg hang af van 'n bestendige bloedvoorraad van gesonde skenkers. Daar word ook voorspel dat bloedverbruik sal toeneem met 'n bevolking wat ouer word en mediese vooruitgang. Dit neem minder as 'n uur elke twee maande om 'n held te word vir iemand wat jy nooit sal ontmoet nie, maar wie se lewe jy vir altyd verander het. Met een bloedskenking kan jy soveel as drie lewens red. Die rede is dat 'n eenheid bloed in 3 komponente geskei word: rooibloedselle, plaatjies en plasma. Rooibloedselle word tipies gebruik om die bloedvolume te vervang van 'n persoon wat baie bloed verloor het, bv. tydens 'n motorongeluk of kindergeboorte, plasma vir mense wat aan 'n bloedsiekte, bv. hemofilie ly of wat ernstige brandwonde opgedoen het. Plaatjies word gegee aan kankerpatiënte, wie se plaatjies deur chemoterapie vernietig is.

Een skenking kan tot 3 pasiënte se lewens red. Een eenheid bloed kan in 3 komponente verdeel word naamlik rooibloedselle, plasma en plaatjies wat aan pasiënte gegee word afhangende van hul behoefte.

Wat is die prosesse om bloed te skenk?

Die skenkingsproses is eenvoudig: jy sal 'n vraelys invul met betrekking tot jou gesondheid en lewenstyl; ons sal dan jou bloeddruk nagaan en 'n druppel van jou bloed neem om seker te maak jy is nie anemies nie en dat dit veilig vir jou is om te skenk. 'n Gekwalifiseerde suster sal 'n kort persoonlike onderhoud met jou voer en as alles in orde is, sal ons jou skenking neem. Alle naalde is



Op die Amanda De Nysschen

nuut en steriel, word slegs een maal gebruik en daarna vernietig. Ná jou skenking, sal jy heerlike koekies en sap geniet. Skenkers word aangemoedig om minimum vier keer per jaar te skenk.

Die minimum vereistes vir bloedskenkers is:

- Tussen die ouderdom van 16 en 75
- Weeg 50kg of meer
- Geniet goeie gesondheid
- Lei 'n veilige leefstyl

Alle bloedgroepe is baie belangrik vir ons, maar ons het spesifiek Groep O nodig omdat hierdie bloedgroep verenigbaar is met al die ander bloedgroepe en is dus baie spesiaal vir ons en diegene wat 'n dringende behoefte aan bloed het.

Die volgende bloedskenk kliniek sal Dinsdag, 24 Mei 2022 in Heilbron plaasvind. Skenk bloed. Jou bloed red lewens.

PRESISIE SNYWERK NOU OM DIE DRAAI

Die familie besigheid van pa en seuns EJ Stainless op Heilbron het hierdie week ontvangs geneem van 'n waterbed CNC plasma snymasjien. Eddie Swart en sy seuns, Jaco en Martin glo dat die investering in hulle besigheid die diens aan die landbousektor 'n verdere hupstoot gaan gee. “Die beskikbaarheid van onderdele wat 'n nagmerrie is, as gevolg van vertragings met invoere en astronomiese prysverhogings het ons besluit nog makliker maak.” was Eddie se opmerking. Die CNC plasma snymasjien kan enige metaal van 0.8mm tot 40 mm sny. CNC plasma sny verwys na die sny van metale met behulp van 'n plasma fakkels wat vanaf 'n rekenaar beheer word. Plasmasnyers werk deur 'n gas of saamgeperste lug teen hoë spoed deur 'n spuitstuk te dwing. Sodra 'n elektriese vonk aan die gas blootstel, word geïoniseerde gas of plasma geskep, die vierde toestand van materie. Onderdele word van presisie rekenaar tekeninge maak.



Martin, Eddie en Jaco Swart van EJ Stainless op Heilbron.

CNC PLASMA SNYWERK



STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION

BESKIKBAAR VANAF 4 APRIL 2022

- SAGTESTAAL SNY TOT 30MM DIKTE
- STAINLESS & ALUMINIUM SNY TOT 20MM DIKTE
- BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR

YOUR BOILERMAKING SOLUTION IN STAINLESS & MILDSTEEL





STAINLESS STEEL

Jaco Swart : 082 392 9819 | jaco@ejsm.co.za
Martin Swart : 082 389 7961 | martin@ejsm.co.za
Eddie Swart : 082 449 9113 | eddie@ejsm.co.za

P.O.Box 2 | Small Holdings No. 5 | Highlands | Heilbron,9650

NGWATHE NUMBER 3 ON ESKOM'S FS MUNICIPALITIES' DEBT LIST

As of the end of February 2022, 15 Free State municipalities and the Mangaung Metro owed Eskom a whopping R16 billion for services rendered. The Ngwathe Municipality, including Parys, Vredefort, Koppies, Heilbron and Edenville, is third on the list. Maluti a Phofung and Matjhabeng are ranked in first and second positions respectively.

On Monday, Eskom said this debt is crippling service delivery. It threatens the security of supply to the citizens of these supply areas, “as Eskom cannot continue maintaining its infrastructure and supply electricity for free.” Eskom supplies the electricity to the municipalities and metro in bulk monthly. The power is then redistributed and consumed. “The municipalities and metro receive government grants and payment for services from their loyal customers, but these amounts are not paid over to Eskom for the energy consumed,” Eskom said.

The top three municipalities consume an average of R200m (97GWh) of energy monthly. To date, they have increased their debt to Eskom to R12.5 billion. Collectively, this accounts for 78 per cent of the arrears in the province. “Municipalities have a constitutional responsibility and duty, not only to Eskom but to their customers, to fulfill their financial obligations for the bulk supply of electricity. Only then can Eskom meet its obligations, the power supplier said. “The total outstanding municipal debt of R16 billion in the Free State continues to threaten Eskom’s commitment to ensure continuity of supply and the ability to maintain the network.” “

Eskom thanks municipalities in the province that prioritise their Eskom account payment,” says Agnes Mlambo, the general manager for Central East Cluster (KZN and Free State). She said municipal debt puts an immense burden on Eskom’s revenue stream, negatively affecting service delivery.

SO STAAN COVID NOU

COVID-19 OORSIG			
Munisipale Area	Dorp	23 Maart '22	30 Maart '22
METSIMAHOLO	Sasolburg	10 220	10 257
	Deneysville	838	838
	Oranjeville	244	244
	Kroonstad	7528	7531
MOQHAKA	Viljoenskroon	1137	1137
	Steynsrus	204	204
	Parys	2934	2936
NGWATHE	Heilbron	1474	1478
	Koppies	1353	1354
	Edenville	207	207
	Vredefort	395	395
MAFUBE	Frankfort	1839	1839
	Villiers	649	650
	Cornelia	162	162
	Tweeling	379	379
TOTAAL		29 563	29 611

Uit die pen:



Die Skoolhoof en die Houtwerkonderwyser besluit om Pietie ’n les te leer. Hulle neem hom na die houtwerkklas, skakel die sirkelsaag aan en druk ’n houtblokkie deur die sirkelsaag. Die saag maak spanders soos wat die blokkie ewe skielik kleiner word.

“Kom, wys vir meneer watter hand het die swieties gesteel?” Die kind skrik homself in ’n bewerasie in en belowe net daar en dan dat hy nooit, ooit weer sal steel nie. Dit terwyl die sirkelsaag steeds aan die roteer is. Ek dink die arme kind het sy water en ligte weggeskrik.

Dan was daar die een kind wat ek seker nooit sal vergeet nie. Kom ons noem hom Sonolo. Hy was in daardie jaar in graad 9. Die leerders was besig met eksamen. Ek het op- en af in die klas gestap, oor hierdie een se skouer geloer en daardie een se uitveër opgetel.

Dit was nooit die lekkerste werk om toesig te hou tydens eksamens nie, want jy mog niks anders gedoen het nie: nie lees nie, nie brei nie, nie eers koffie drink nie. Stap met hierdie ry op. Stap met daardie ry af. Staan voor die klas, loer vir almal. Stap met hierdie ry op. Stap met daardie ry af. Staan voor die klas, loer vir almal.

Ek sien dat Sonolo rondkyk, en elke keer as hy my oog vang, kyk hy skuldig anderpad. Ek stap op en af. Ek sien dat Sonolo in sy hemsak vroetel. Hy sien dat ek hom sien, maar hy kyk weer anderpad. Ek stap op en af. Toe ek so skuins agter hom staan, vroetel hy weer in sy hemp, en dit lyk vir my al asof die mannetjie ’n paar notas het waarvan hy afskryf. Maar ek wil eers heeltemal seker maak.

Hy kyk terstond op, en ons twee kyk vir mekaar. Ek is nou seker dat hy notas in sy hemsak het. Hy sien dat ek verbete nader kom, en hy buk af na sy tas toe. Nog voordat hy iets kan doen, lig ek hom uit sy stoel en gooi hom letterlik by die klas uit. (Onthou: dit was omtrent ’n miljoen jaar gelede). Ek verduidelik mooi, in geen onduidelike taal, met die nodige stembuigings (lees: skree) dat hy solank kantoor toe moet gaan, ek sal daar wees wanneer die res van die klas klaar eksamen geskryf het.

Ek haal diep asem, en die kinders ook.

Hulle gaan aan met die eksamen. Toe almal klaar is, neem ek die antwoordstelle in en maak dit netjies in ’n pakkie. Ek vererg my sommer weer vir Sonolo, en onthou dat sy tas nog by sy bank staan. Ek gryp die stout kind se tas met die idee dat ek dit sommer by die klas wil uitgooi. Toe ek dit optel, sien ek iets blinks in die tas. ’n Lang slagmes. Die klein snert het in sy tas gevroetel vir ’n mes, toe ek nader gekom het, besef ek.

Ek word nog kwater, maan die klas tot doodse stilte (dalk was hulle net versigtig oor die mes, ek weet nie, maar hulle was tjoepstil) en vat die tas kantoor toe. Sonolo het sommer die pad uit die skoolgronde gevat sonder om by Die Skoolhoof aan te meld. Maar ek vertel hom die storie en wys vir hom die mes. Gelukkig het ek die hele klas as getuies gehad.

Sonolo het nooit weer teruggekom skool toe nie. Ek weet nie wat met hom gebeur het nie.

Ek het die insident ’n paar keer in my kop oor en oor gespeel: wat sou gebeur het as ek nie vinnig genoeg by sy tafel was nie? Sou hy regtig die mes gebruik het of het hy dit saambegin vir sommenet? Niemand sou kon sê nie.

WEEK 13 VAN 2022

Ek het baie respek vir onderwysers, veral diegene wat tans nog skoolhou en vir wie dit regtig ’n roeping is. Nie dat jy skoolhou om ryk te word nie, jy doen dit omdat dit die ding is wat jy graag wil doen. Dis nou tensy jy jou eie skool begin en ’n reuse skoolfonds hef, maar andersins bly onderwysers maar oor die algemeen armgatte.

Behalwe oor die respek, het ek baie simpatie met onderwysers oor party regtig stout kinders vir wie hulle moes skoolhou. My gryse ou pa sou gesê het dat onderwysers deesdae hare op hulle tande en ystervarkpenne op hulle bors moet hê. Ek kan ’n paar stout kinders onthou, en dan kan ek op my een hand kinders tel wat regtig misdadig was.

Ek kan my eerste matriekklas in daardie skool onthou: hulle was regtig nie lus vir leer nie. Een van hulle het met sy rugbybal vasgegom aan sy hand, rondeloop. Sommer so in die rye het hy sy aangee-vaardighede geoef. “Vang!” en dan moes die een langs hom vang of agterna hol om die bal te gaan soek.

Rugbybalkind en sy vriend het heel voor in die klas gesit. Met hiperverveelde uitdrukings op hulle gesigte. Hulle wou eerder op die rugbyveld gaan rondhol. Ek vervies my. “Regtig! As julle nie hier wil wees om te leer nie, bring maar more jou koerant saam. Dalk leer jy iets uit die koerant uit.”

Dit moes ek dalk nie gese het nie, want ek het hulle skaars die volgende oggend gegroet, of altwee haal hulle koerante uit, en begin doodluiters lees. Ek vervies my op die plek en storm by die klas uit. Ek speel so reg in hulle hande. Ek stap. En stap. En stap. Toe ek die vierde keer om die rugbyveld is, besluit ek om terug te gaan klas toe, niks te noem oor die koerant nie, en net aan te gaan met die les. Die twee het later die koerante gebêre en begin oplet.

Die afgelope naweek gesels ek weer met ’n paar oud-kollegas. Ons lag oor sommige kinders se stoutighede. Die Skoolhoof onthou hoe een van die Grondslagfaseonderwysers radeloos na hom toe gegaan het: Pietie is regtig baie stout, kan hy dalk help? Wat het Pietie gedoen, wil Die Skoolhoof weet. Pietie het so pas iemand se swieties gegaps en die juffrou het hom uitgevang.

GiG

Technologies

- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!

Kerk str. 44 Heilbron

Tel: 087 527 0838

Cell: 072 840 4495

info@gigtechnologies.co.za

KENNISGEWINGS • DIENSTE • DIENSTE • SMALLS EIENDOMME

BOEDELKENNISGEWING

In die boedel van wyle:
FREDERICK PETRUS KLEYNHANS
Identiteitsnommer: 321109 5037 081
Gebore: 1932-11-09
Oorlede: 2021-03-19
Van: **Huis Bron-van-Heil, Heilbron**
en Nagelate eggenoot / eggenote (slegs indien getroud in
gemeenskap van goedere):
FREDRIKA JOHANNA KLEYNHANS
Identiteitsnommer: 390908 0053 08 4
Gebore: 1939-09-08
BOEDELNOMMER: 4882/2021
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale
Likwidasië-, en Distribusierekening (tensy anders
vermeld) in bogenoemde boedel ter insae sal lê te
die kantore van die Meester van die Hooggeregshof
Bloemfontein
en van die Landdros: N.V.T
Vir 'n tydperk van een-en-twintig (21) dae vanaf:
2022-04-01.
Naam en adres van eksekuteur of gevolmagtigde:
CHARL JOHANNES STANDER
EKSEKUTEUR
P/A LOVIUS BLOCK
EERSTELAAN 31,
WESTDENE
BLOEMFONTEIN, 9301
TEL NR. 051 430 3874
DATUM: 22-03-24

LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: TSUKE
First names: MOILWA JAN
Estate number: 2423/2021
Identity/passport number: 5912135406081
Date of death: 14/08/2020
Last address: ERF 502, PHIRITONA, DISTRICT
HEILBRON, 9650
The First and FINAL Liquidation and Distribution
Account in this estate will be open for inspection for
a period of 21 days from 1 April 2022 at the office of
the Master of the High Court Bloemfontein and the
Magistrate's Office, Heilbron Magistrate Office.
In case of a marriage in community of property:
First Names and Surname of Surviving Spouse:
MABENE JOSEPHINA TSUKE
Identity/Passport number: 6102160599088
Name and address of Executor or Authorised Agent:
CORNELIUS & PARTNERS INC,
40 CHURCH STREET,
HEILBRON, 9650

LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: MOLOMO
First names: DIKATSE REGINAH
Estate number: 7088/20
Identity/passport number: 8212240788086
Date of death: 30/08/2020
Last address: 2420 PHIRITONA, HEILBRON, 9650
The First and FINAL Liquidation and Distribution
Account in this estate will be open for inspection for
a period of 21 days from 1 April 2022 at the office of
the Master of the High Court Bloemfontein and the
Magistrate's Office, Heilbron.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
CORNELIUS & PARTNERS INC,
AMANDA ANNE SCHUTTE
40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650

KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE LEON LOMBAARD**, Identiteitsnommer: 620818 5079 087,
in lewe 'n Advokaat, woonagtig te Humanstraat 16,
Frankfort, 9830, getroud buite gemeenskap van goedere.
Datum van afsterwe: 29 September 2021
BOEDELNOMMER: 011420/2021
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure
om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise
teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf
publikasie hiervan by onderstaande adres:
Kennisgewing vir publikasie: 1 April 2022
ENSLINS RIEMLAND INC
MNR PJ VENTER
SAREL CILLIERSSTRAAT 33
POSBUS 400
REITZ, 9810

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE
per week oop vir die
publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
**Biblioteek is gesluit op Saterdag,
Sondae & openbare vakansiedae.**



Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

Winkelure

MAANDAE - DONDERDAE:
07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron | Tel: 058 852 3033

Indien u enige
nuus vir die
Heilbron Herald
het kontak

Lida Pretorius
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

Buy-a-Bale
Make Your Own Cash!



**BEST DEALS
ON BALES IN
SOUTH AFRICA!**

Overcoats Benoni
97 Princes Ave.
011 845 4769

Call SYDNEY now!
072 885 1999

sales@overcoats.co.za
www.overcoats.co.za

WE DELIVER COUNTRY WIDE

OVERCOATS

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs
baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

R

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

R

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir
enige Lewendehawe
bemarking, Uit-die-
hand-transaksies of
veiling navrae!

www.heilbronherald.co.za

23 Huisvesters 97,
Frankfort, 9830
Tel: 082 569 7205
Kusoor: 058 513 1047



POSTNET HEILBRON

CRIMINAL RECORD CHECKS
NOW AVAILABLE AT
POSTNET HEILBRON

• **STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
• **PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
• **PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**



Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET
Digital

42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za



WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die
eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Lida heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za -
(Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort,
Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron
se Facebook-blad en webwerf.

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe
en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël
nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL- KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei,
stoof en 2 oonde, gelisensieerde
kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

BLOEDSKENK DATUMS - 2022



24 Mei
26 Julie
27 September
29 November

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

M
MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreative
studio.co.za

STROOPTYD IS HIER!

Die Boere in ons distrik is opgewonde oor die 2022 stroopseisoen wat nou in volle swang is.

'n Bogemiddelde oes is te wagte vanjaar, te danke aan die warm weer en goeie reënval van die afgelope seisoen.

'n Gewemel van stropers, trekkers, tapkarre en waens word huidiglik gewaar op elke saai-boer se lande in ons distrik. Dit is 'n dankbare gesig vir ons plattelanders.

Soos elke boer en boerin sal weet, is dit 'n stresvolle tyd met baie lang ure op die plaas.

Hier volg 'n paar wenke vir boere se vrouens om dit vir hul so 'n bietjie makliker te maak. Onthou maar, 'n honger boer is 'n moerige boer, pak die “skaftin” sodat daar altyd 'n lekker eetdingetjie byderhand is. Jou boer gaan ook baie dors word, koel drinkgoedjies moet naby wees om die humeur rustig te hou. Jy gaan jou besige boer selde sien want hy is van vroeg tot laat op die lande. Verder lê die winter voor, sorg maar vir pyn medikasie want 'n verkoue gaan hom beslis nie in die bed hou nie. Wees liewer voorbereid. Voorspoed!



ALDI WEN SILWER!

Aldi Strydom van Hoërskool Heilbron, verower 'n SILWER medalje tydens haar deelname aan die SA atletiekbyeenkoms op 25 & 26 Maart 2022 te Kenneth Mc Arthur Stadion Potchefstroom.


Pawiljoene was volgepak met toeskouers en die Openingseremonie het gesorg vir 'n kleurrike vertoning van atlete wat paradeer en belooft het om die middelpunt van belangstelling te wees tydens die 2 dae van atletiek-opwinding.

Aldi behaal 2de plek in die land met gewigstoot dogters O/13 – 12.06m. Hierdie is ook haar persoonlike beste afstand in die item.

Aldi spog ook met die 5de plek met diskus dogters O/13 – 33.75 m.

Sy is 'n jong atleet met groot potensiaal en word dopgehou vir nog baie uitblink resultate!





CALL US: 058 852 1319

TRADING HOURS
MON-TUE - CLOSED • WED-THUR - 10:00-21:00 • FRI-SAT - 10:00-22:00 • SUN - 10:00-17:00

DESSERT

KIDDIES CANDY SUNDAE R45
with chocolate sauce, sweets and candy floss

CHOCOLATE AND VANILLA ICE CREAM R42
with chocolate sauce

DEEP FRIED OREOS R50
with vanilla and chocolate ice cream

CHOCOLATE BROWNIE R65
with ice cream and salted caramel

NEW YORK CHEESECAKE R68
topped with berry coulis, strawberry ice cream and candy floss

BAKED NEW YORK CHEESECAKE R56
with lemon tart topping

BARELY BAKED WHITE CHOCOLATE CHIP & SNICKERS SKILLET COOKIE R65
with vanilla ice cream, peanuts and salted caramel

SPICED RUM AND APPLE PIE DOM PEDRO R49

CLASSIC DOM PEDRO R39
with whisky, frangelico or amaretto



BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 - 16:30
Saterdag:
09:00 - 12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

GROOTWILDJAGTERS!

HIER IS JOU KANS VAN 'N LEEFTYD OM 'N BUFFELBUL OF EEN VAN ONDERSTAANDE PRYSE TE WEN.

8 PRYSE WAT GEWEN KAN WORD:

- 1 x Buffelbul (2 Persone)
3 x Nagte Selfsorg - AREA HEILBRON
- 1 x Swartwildebees, 1 x Rooihartebees,
1 x Blesbok (Dagjag) - AREA HEILBRON
- 1 x Swartwildebees, 2 x Blesbokke
(8 Persone)
2 x Nagte Selfsorg - AREA HEILBRON
- 1 x Blouwildebees, 1 x Zebra, 1 x Rooibok,
1 x Vlakvark (4 Persone)
3 x Nagte Selfsorg - AREA HEILBRON
- 1 x Wildebees, 2 x Vlakvark
(4 Persone) 3 x Nagte Selfsorg
AREA HEILBRON
- 2 x Blesbokke (Dagjag) - AREA HEILBRON
- 1 x Swartwildebees, 1 x Springbok,
2 x Blesbokke (4 Persone)
2 Nagte Selfsorg - AREA HEILBRON
- 1 x Zebra, 1 x Blouwildebees,
1 x Blesbok (4 Persone)
2 Nagte Selfsorg
AREA HEILBRON

PRYSE TER WAARDE VAN ± R250 000

NGK HEILBRON FONDSINSAMELINGS PROJEC
NAVRAE: • JACQUES 083 268 0980
• ABRIE 083 635 2978

Kaartjies te koop by
POSTNET HEILBRON
Handvol - Tel: 058 853 8006
heilbron@postnet.co.za

KAARTJEVEERKOPE SLUIT 30 JUNIE 2022 & WENNERS SAL 8 JULIE 2022 AANGEKONDIG WORD NA AFLOOP VAN TREKKING WAT DEUR VAN RENSBURG REKENMEESTERS GEMONITOR WORD

PARYS RUGBYWEEK – WILDER AS WILD!

Hoërskool Heilbron se Eerstespanrugby het getoer na Parys van 22 tot 25 Maart 2022. Die seuns was in hulle element om weer op die rugbyveld te wees na 'n onderbreking van meer as 2 jaar as gevolg van COVID. Hulle het drie harde wedstryde gehad waarvan hulle twee gewen het teen Hoërskool Wessel Maree en Hoërskool Balfour, maar ongelukkig vasgeval het teen Hoërskool Hennenman.

Regard Smit is in die twee wen-wedstryde aangewys as die Namgola man van die wedstryd. Die Parys rugbyweek was weereens 'n groot sukses met uitstekende skolerugby wat vir die eerste keer deur die Supersport Schools toepassing lewendig gebeeldsend is. Die Wildebeeste van 2022 sien uit na 'n groot seisoen!



Heilbron se reserwebank.



Die spelers ontmoet oud Springbok slot Victor Matfield na sy toespraak.



Heilbron wat 'n kring maak voor hulle wedstryd teen Hennenman.



Foto regs: Rigard Smit draf op in die laaste wedstryd teen Hoërskool Balfour.

Wat is Outisme?

• *Heilbron Kliniek*

Wêreld Outisme Dag is vanjaar op 2 April gevier. In hierdie artikel, word belangrike inligting oor Outisme Spektrum Afwyking bespreek, wat nuttig kan wees vir ouers, onderwysers of enige ander individu wat belangstel.

Wat is Outisme?
Die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (2000) beskryf Outisme as 'n afwyking in wederkerige sosiale interaksie met 'n beperkte reeks gedrag, belangstelling en aktiwiteite.

Oorsaak van Outisme:
Die oorsaak van Outisme is nog onbekend, maar van die opinies sluit in dat dit dalk mag wees as gevolg van 'n genetiese predisposisie.

Enkele algemene eienskappe van outisme.

- Min bewustheid van andere.
- Verbeeldingspel mag swak wees, bv. kan nie met 'n houtblok speel asof dit 'n karretjie is nie.
- Die ontwikkeling van spraak en taal mag afwykend, afwesig of stadig wees. Baie min reaksie op gesproke taal en tree soms op asof hy/sy doof is.
- Veranderings in roetine of omgewing kan persoon ontstel.
- Jaag aktiwiteite op 'n herhalende manier na en kan nie deur voorstelle van verandering beïnvloed word nie.
- Onvanpaste gehegtheid aan voorwerpe.
- Vertonings van erge benoudheid of woedeaanvalle vir geen opsigtelike rede.
- Vind interaksie met mense moeilik en maak geen of min oogkontak.
- Geen werklike vrees vir gevaar nie.
- Verkies om op hulle eie te speel.
- Self-beserende gedrag, bv. kopstamp, krap of byt.
- Vreemde gewoontes soos wieg, hande wapper of laat voorwerpe in die rondte rol.
- Onbelangstellend of afsydig teenoor aanraking, drukkie of liefkosing.
- Sintuie van aanraking, smaak, sig, gehoor en/of reuk mag verhoog of verlaag wees.
- Skielike lag of huil vir geen opsigtelike rede.
- Oneweredige growwe/fyn

motorvaardighede.

- Abnormale slaappatrone.

Belangrik om te onthou:
Dit is belangrik om te onthou dat outisme 'n afwyking is wat op die spektrum val, wat beteken dat simptome van matig tot ernstig kan wissel. Die bogenoemde tekens sluit nie al die elemente betrokke by 'n outisme diagnose in nie. Hierdie kenmerkende eienskappe van outisme kan 'n kind se vermoë om aan te pas by onverwagse lewensgebeure beïnvloed, asook sekere reaksies vanaf ander, omrede dit uitdagend vir hierdie kinders is om sin te maak van die situasie.

Hoe word 'n kind met outisme gediagnoseer?
Wanneer daar vermoed word dat 'n kind miskien outisme mag hê, is dit belangrik dat daar so gou moontlik 'n diagnose gemaak word.

Die volgende stappe kan gebruik word om vir hierdie kinders die nodige hulp en ondersteuning te verkry.

Stap 1: Besoek die dokter
Vir 'n kind om met Outisme gediagnoseer te word, word 'n verwysing benodig. Om die verwysing te verkry, moet jy eers na die dokter gaan en jou bekommernisse rakende die kind se ontwikkeling vir hom/haar verduidelik.

Stap 2: Die pediatriese assessering
Die kind sal geassesseer word deur die pediatriese neuroloog, wat dan die kind sal verwys na 'n professionele persoon wat spesialiseer in die sosiale aspek van kommunikasie.

Stap 3: Die diagnose
Wanneer die diagnose gemaak is kan jy met die skool praat om te bepaal of spesiale onderrig nodig is en of die kind instaat sal wees daartoe om te funksioneer in 'n hoofstroom skool. Daar kan aansoek gedoen word vir spesiale finansiële hulp. Dit kan help om ekstra uitgawes te dek.

Hulp in Suid-Afrika:
Outisme Suid-Afrika webblad: www.autismsouthafrica.org
Outisme Weskaap webblad: www.autismwesterncape.org.za

Bronne:
Outisme: Praktiese riglyne brosjure vanaf Outisme Suid-Afrika.

5-DAY WEATHER FORECAST FOR HEILBRON

Friday 1 April	Saturday 2 April	Sunday 3 April	Monday 4 April	Tuesday 5 April
Max: 27°C Min: 16°C	Max: 23°C Min: 13°C	Max: 24°C Min: 14°C	Max: 18°C Min: 12°C	Max: 26°C Min: 11°C
Cloudy skies	Rain	Light rain	Rain	Cloudy Skies
 23 km/h Precipitation	 22 km/h Precipitation	 32 km/h Precipitation	 20 km/h Precipitation	 34 km/h Precipitation

AfriForum wil graag 'n verskil in Heilbron maak, maar daarvoor het ons jou hulp nodig!

Jy kan help deur vir ons tuin- en skoonmaaktoerusting te borg.

Grawe, spitwurke, harke, groot snoeiskêre, of wat jy ook al dink ons gaan gebruik!

Skakel Gerrie by 083 620 7018.

LIGASPELERS KAN UITSIEN NA BAAN

Volgende Saterdag word Oos- Vrystaat se klub voorgee liga op Heilbron aangebied op 'n baan wat in 'n uitstekende toestand is. Heilbron se span speel teen Kestell en lyk die span soos volg – Gerrie Muller, Ruan Minnie, RJ Muller, Zacharia Mholo, Arnold Saayman en Johan Nelson.

Verlede Saterdag het Ruan Minnie die plaaslike kompetisie gewen met 37 punte na 'n uittel teen Jackie Leonard. Pieter van Staden is stadig maar seker besig om weer op vorm te kom, hy eindig derde met 35 punte. Gerrie Muller en sy dubbelmaat, Eben Stander, verras vriend en vyand deur vir

Jackie Leonard en Wiam Rautenbach te klop in die dubbel putjiespel kompetisie. Die “joker draw” staan op R62 120 en sal die trekking weer vanaand om 19:00 wees. Môre is daar gewone spel inskrywing 10:30 vir afslaan 11:00.



Kom ons maak
Heilbron skoon!
Ons begin by Langmarkstraat.
Maandag 4 April 2022 | 08:00
Bymekaarkomplek: tegena tot die dam
AfriForum
Konsentrasie Heilbron se
wereld is jou goed te maak.
Bring handtoerusting, waarsakke en handskoene saam!

KRIEKET-NAELBYTSTRYD

Heilbron verloor naelbytstryd met 16 lopies teen Sasolburg. Sasolburg het 164 lopies aangeteken in 20 beurte. Hulle het met goeie boulwerk vining paaltjies begin neem en Heilbron onder druk geplaas. Danksy Ali Rao met 'n puik 95 lopies van 56 balle, het Sasolburg se boulders goed deurgeloop onder sy kolf. Ali, man van die wedstryd, het Heilbron 'n kans gegee om die 37 lopies van 18 balle te kon slaan maar is ongelukkig uit. Pieter Baan met 20 lopies nie uit, het 2 sesse geslaan om nader te kruip maar tevergeefs. Renier Schoeman het 3 briljante vangskote geneem agter paaltjies. Geluk aan Rudi Bruwer Jnr met sy 2 paaltjies vir 2 lopies van 1 beurt.



Span is van agter links: Morne de Wit, Jeandre Earle, Rudi Bruwer, Pieter Baan (Kaptein), Renier Schoeman, Theuns Botha, Armand Smit, Anthony Best Voor: Anwar, Rudi Bruwer Jnr, Ali Rao. Tellinghouer: Monica Botha

Score Card								
Ab.	Score	Bowling	Runs	Over	Runs	Wickets	4000	
1.	Rudi Bruwer	Right	Medium	4	3	30	1	7.5
2.	Armand Smit	Right	Medium/Fast	4	3	8	2	1
3.	Morne De Wit	Right	Medium	1	3	17	0	17
4.	Theuns Botha	Right	Medium	4	3	82	5	10.1
5.	Anthony Best	Right	Medium	3	3	18	0	9.3
6.	Jeandre Earle	Right	Slow	1	3	18	0	19
7.	Pieter Baan	Right	Left Spin	3	3	31	2	10.3
8.	Rudi Bruwer Jnr	Right	Medium	1	3	2	2	2

Score Card								
1.	Rudi Bruwer	Bowling	Stevens le Pool	7	8	1	0	17
2.	Armand Smit	Bowling	Shawn Beer	2	3	0	0	4
3.	Morne De Wit	Cought	Seth Marshall	5	12	1	0	16
4.	Renier Schoeman	Cought	Stevens le Pool	0	1	0	0	1
5.	Moran Armand	Cought	Renier Schoeman	0	9	0	0	9
6.	Jeandre Earle	Cought	Michael Macoe	7	18	0	0	35
7.	Rudi Rao	Cought	Renier Schoeman	15	18	12	2	60
8.	Renier Best	Not Out		35	17	0	0	33
9.	Anthony Best	Not Out		1	7	0	0	9



Ali Rao



hp
122
123
650
652
hp Printer Cartridges available at Herald Office National
Herald Office National
058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

JAARPROGRAM : 2021 RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
17 APRIL	SKIET OEFENING	09:00
22 MEI	CHASA KWALIFISERING / VERBETERING	09:00
5 JUNIE	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
14 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
4 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
2 OKTOBER	OPE PRYS SKIET	09:00
2 OKTOBER	TROFEE MEET	09:00



The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 4 APRIL 2022
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

DINSdag - 5 APRIL 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

WOENSDAG - 6 APRIL 2022
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
EMANDLANGENI Kwartaallikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
HEILBRON: LOUISE DOHNE MERINO STOET
11:00, Canossa, Heilbron
Kontak Danie de Wet 082 772 4537

DONDERDAG - 7 APRIL 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Frankfort Kantoor 058 813 1071
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
HLUHLUWE Twee-maandelikse veiling
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225
FOURIESBURG: THE UDDER PLACE
IMPLEMENTE VEILING
11:00, The Udder Place
Kontak Schalk Burger 076 0701411

VRYDAG - 8 APRIL 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za